# Waarheid weerspreek altyd die Leuen!

## Om hierdie rede  is die spreek van waarheid

# BEVRYDEND!

**Spr.21.23 : Wie sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede.**
**Ps. 141.3 : Here stel `n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe.**
**Ps. 143.10 : Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in `n gelyk land.**
**Joh. 14.17: Die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie....**
**Spr. 21.28: `n Leuenagtige getuie kom om....**
**Spr. 19.28: `n Deugniet wat getuienis gee, spot met die reg, en die mond van die goddelose verslind onreg.**
**Spr. 17.10: `n Berisping gaan by `n verstandige dieper in as om `n dwaas honderd maal te slaan.**

---

Jesus het ons hierdie goddelike kerngedagte met betrekking tot die Woord van God geleer, naamlik dat waarheid die mens kan en sal bevry. Maar ondanks hierdie tipe geregtigheid wat nie alleenlik die Wet (die Torah) onderlê nie, maar veral die Profete (die Neviim) en sekerlik ook dit waarna verwys word as die “Geskrifte” (die Ketuvim), was leuensprekery nog maar altyd integraal tot die Christendom. En waarom ek spesifiek die Christendom uitlig, is omdat dit juis die Christendom is wat die Nuwe en Beter Verbond van God die Vader, deur Sy Seun, ontvang het.

Dit behoort dan `n voldonge Waarheid vir elke belydende Christen te wees dat Jesus juis gekom het om die mens deur Sy bloedoffer van sy oersonde, dit is ongehoorsaamheid, te bevry. En voortspruitend uit hierdie tipe goddelike bevryding, word die optimale en deurslaggewende waarheid dan ook in God se Verlossingsplan deur sy Seun vir ons vasgemaak in die volgende waarheid, naamlik dat Jesus Sy lewe opgeoffer het in belang van die ganse mensdom en die apostel Paulus vat dan ook die hele verlossingsplan van God in een kort stelling saam, naamlik dat Jesus in die wêreld verskyn het om sondaars te red (1 Tim. 1.15).

En daar bly nou maar eenmaal hierdie optimale waarheid: Ons word by ons bekering en

wedergeboorte uit die mag van die Duisternis oorgeplant na die Koninkryk van Lig toe en die sonde of ten minste kwaadwillige of dan moedswillige sondes behoort glad nie meer oor ons te heers nie want Christus het `n volmaakte prys vir ons verlossing betaal. Hy het gevolglik geen reserwes uitgehou nie. En dit is hierdie absolute waarheid wat ons telkemale uitbring by die onmeetbare liefde wat die Seun van God vir ons almal gehad het sodat geen vereiste van God die Vader, dit is vir verlossing van die mens uit die mag van satan, vir Hom te groot was nie (Joh. 3.16; Heb. 10.7; Joh. 1; 1 Joh.3).

Ons kan God dan geen groter eer bring nie, as om die voorskrifte van Jesus, en veral via Sy uitverkore apostels aan ons oorgelewer, ten nouste na te kom. En dit beteken natuurlik onderhouding van die Wet van Christus en wat dan ook onderlê is in die (Nuwe Testamentiese) apostoliese briewe.Wat dan veral van die uiterste belang vir `n Christen behoort te wees, is dat God van ons verlang om die kragtigste orgaan in ons liggaam, naamlik ons tong, aan God se wil te onderwerp (Jak. 3)! Die tong is juis verbind met die gees van die mens - dit is die geestesvermoë waarmee die mens as hoogste skepping van God dan ook toegerus was om tussen kwaad en goed te kan onderskei - en om hierdie rede rus daar so `n groot onus op almal wat hulle beroem in die verlossingsplan van Jesus, naamlik om toe te sien dat ons ons woorde en ons gesprekvoering in lyn met God se opdragte bring. En hoe kan ons Christus as Here bely en daarop aanspraak maak dat ons ons knieë alreeds in Sy Naam buig (Fil. 2.11), as ons ons tong nie onder die gesag van Waarheid - dit wat die Gees van God weerspieël - bring nie (1 Joh. 3.6)?

Die apostel Paulus vestig dan ook in sy briewe ons aandag op `n baie belangrike saak, naamlik dat ons tot die kennis van die wil van God moet kom. Ons moet dan nie net kennis dra van wie God is en hoedanig Hy Homself geopenbaar het deur Sy Seun nie - dit spreek tog baie duidelik uit Sy Woord - maar ons moet veral ook strewe om kennis te bekom van die wil van God en die wil van God word veral duidelik vir ons in 1 Joh. 2.28-29 vasgemaak: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie. As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is”. Die wil van God is dan dat ons op ons lewenswandel moet let omrede die tipe lewe wat ons hier op aarde lei, ons verhouding met God en Jesus Christus, Sy Seun, sal weerkaats.

Jesus, wie die optimale voorbeeld van gehoorsaamheid aan God was, is immers die deur tot die skaapstal (Joh. 10). En as ons deel van God se koninkryk wil wees, moet ons dit nie alleenlik soek nie maar ons moet dit veral vasmaak in Skrifwaarheid en waarop dit dan neerkom, is dat Skrifwaarheid die wil van God aan ons openbaar maak. Wat God dan van ons as volgelinge van Jesus verlang, is dat ons ons aan Sy gesag en outoriteit moet onderwerp want dan sal Sy goddelike wil in en deur ons lewens tot volle wasdom kan kom.

Die optimale Skrifwaarheid kom veral daarop neer dat Christus in die vlees gekom het om sondaars tot verlossing te bring (1 Tim. 1.15)! En dit bring ons dan weer terug by die tong van die mens wat sentraal tot die mens en sy menswees lê. En ons het weereens riglyne in die Woord van God wat ons kan help om God te kan behaag. Jesus het na satan as die “vader van die leuens” verwys en om hierdie rede het Hy ons juis deur Sy kruisdood in staat gestel om uit die koninkryk van die Duisternis uit te kan tree deur `n wilsbesluit en om dan oor te kan kom na die Koninkryk van Lig toe (Paulus). En dit bring ons weereens uit by waarheid en geregtigheid wat lynreg teenoor die koninkryk van satan staan. As ons dan sou bely dat ons kinders van God is, sal ons breek met leuens en veral leuensprekery.

Omrede die mens `n sosiale wese is, `n kuddedier wat deel vorm van die menseras en wie natuurlik ook sy eie besondere sosiale styl en -kring totstand kan bring, dit is binne `n gegewe sosio-maatskaplike opset, behoort ons dan veral die kern van die mens se wesensbestaan, naamlik sy vermoë om homself in woorde te kan uitdruk, as moontlik die belangrikste in die Christelike heiligmakingsproses te beskou. En veral omrede die tong in staat is om `n vuur van uitermatige proporsies teen onskuldige mense aan die gang te kan sit (Jakobus). Dit is gevolglik God se wil dat ons as Christene ons tonge optimaal moet heilig. Wat ons dan met ons tong voorbring (produseer) sal bepaal of ons kinders van God is of nie!

Om jouself dan aan leuensprekery willens en wetens oor te gee, is `n gruwel in God se oë! Jakobus verklaar dan ook tereg dat ons God met ons tonge loof maar terselfdertyd ook kwaad daarmee doen. En so `n dubbelhartige gees is vir God `n gruwel - die tong is dan inderdaad aan die mens se gees gekoppel want die mens se gedrag word juis deur sy gedagtes gemotiveer (Jak. 3.6). Ons kan natuurlik veral redeneer dat as die mens se gedagtes wat uit sy geestestoestand sou voortspruit, rein sou wees, sal sy tong inderdaad geen kwaad kan voorbring nie! As ons dan besig is om kwaad te saai met ons

tong, behoort ons die oorsprong daarvan, naamlik ons gedagtes, onmiddellik onder God se gesag terug te bring. En dit beteken natuurlik om ons sondes daar en dan te erken want dan alleenlik sal ons dit ook kan bely (Jak.5.16; 1 Joh. 1.7-9). God plaas `n baie groot onus op onbelyde sondes! (1 Kor. 4.5; Open. 20.11+).

Die optimale voorbeeld in die Nuwe Testament van lyding onder die tonge van mense, dit is nou afgesien van Jesus Christus wie hierdie tipe géseling beslis nie vrygespring het nie, is seker Paulus van Tarsus. Enigiemand wat Wangerin se historiese roman oor hierdie apostel van Jesus gelees het, sal met hierdie stelling van my saamstem alhoewel ek graag sou wou byvoeg dat `n breër agtergrond van Paulus se teëstand onder die Jodendom en veral met betrekking tot die Esseners, ongelukkig ontbreek. En dit is eers as ons die twee strome wat van meet af in die Christendom ontspring het behoorlik kan raakvat, dat ons waarlik tot die besef sal kan kom hoe intens hierdie apostel van al die apostel vir Christus se saak gely het. Wangerin se boek is natuurlik `n historiese roman en die skrywer het natuurlik sy verbeelding ook vrye teuels gegee soos wat dit gewoonlik met hierdie tipe roman gaan. Wat dan veral sentraal tot Paulus se lyding lê, was die leuens wat aan hom toegedig was en wat, soos dit voorkom, tot `n groot mate toe bly steek het.

Alhoewel ons dan nie `n dagboek van Paulus tot ons beskikking het nie, ook nie `n volledige verhaal van die tipe leuens wat aan hom toegedig was nie, skemer dit baie gou deur by die lees van sy briewe dat leuensprekery wel aan hom gekoppel was. En waar die apostel Paulus veral `n ryp persoonlikheid was, en wie ook maar uit sy foute sou geleer het, ook baie duidelik taakgeoriënteerd was – hy het hom ten alle koste by sy roeping en die doel van sy roeping bepaal – het hy natuurlik veral uitmuntend daarin geslaag om die kaf van die koring te skei. Terwille van Christus het hy dan ook baie gou die dinge vergeet wat agter was, net om optimaal te kon fokus op die kern van sy roeping en boodskap.

Maar die leuensprekery wat baie duidelik teen veral die apostel Paulus aangehits was, was natuurlik gebore uit jaloesie en nydigheid. En dit is hierdie twee eienskappe wat nog maar altyd leuensprekery, teen wie dit ookal aan die gang gesit word, onderlê. Deur die eeue heen sou daar dan ook spesiale gesalfdes gekom en gegaan het wat hierdie tipe druk vanuit die Christendom (!) sou belewe het. En ons kan dan sekerlik wat ons as “doodgewone” leuensprekery beskou, eerder bewoord as “laster”. En laster is veral gevaarlik omrede dit iemand se goeie naam oneindig skade kan berokke en gevolglik is dit nie net in die oë van God gruwelike optrede nie, maar `n lasteraar kan ook regtens aanspreeklik gehou word vir naamskending.

Om hierdie rede behoort `n Christen wat hom of haarself aan laster skuldig maak – dit is om `n onskuldige persoon op hoorsê skuldig te verklaar en veral komend vanuit `n bron wat weerwraak teen sy/haar teiken uitoefen – in die openbaar belydenis doen. En dit beteken op gemeentelike vlak en dan natuurlik so wyd moontlik, naamlik soos wat die valse aantyging uitgekring het.

Tog is lasteraars op `n eienaardige wyse altyd versigtig want hulle soek veral hulle geborgenheid in ontkenning. Hulle negeer dan ook baie gou dit wat aan hulle voordeur gelê word. En dit kom dan ook daarop neer dat hulle nie hulle sondige woorde (dade) bely nie maar juis omdat hulle nie hulle openbare leuensprekery wil erken en bely nie, is daar net een wat die laaste sê sal sê, en dit is Jesus Christus wie as God die Vader se Groot Regter aangewys is (Hand. 10). In die laaste dag sal die ongeregtige sowel as die geregtige beslis voor Hom verskyn, en een en almal sal dan ook rekenskap moet gee van elke onbelyde (!) sondige daad en optrede (Open. 20; 1 Kor. 4). Ons sonde staan dan voor God, soos wat `n vlam op die altaar brandend sal bly totdat dit ten volle uitgeblus is. En niks kan sonde wegwas nie, behalwe die bloed van Jesus wat veral deur sondebelydenis in werking gestel word (1 Joh. 1.7-9).

As ons dan ons tonge wil reinig, moet ons tot sondebelydenis oorgaan. Of dit nou onaangenaam vir ons is, of nie. Dit is dan nie mense vir wie ons moet bang wees nie, maar God! Maar ons kan God ook nie net as `n gerieflike kruk gebruik waarop ons kan leuen net soos wat ons wil nie want God het voorsrkifte in Sy Woord vir ons gegee. Hy het dan inderdaad Sy wil aan ons openbaar gemaak. En om hierdie rede moet ons tot kennis van die wil van God kom! “Bely BY MEKAAR julle misdade”, verklaar Jakobus.

Die oortreder kan dan nie net in die geheim bely nie, maar as sonde teenoor iemand gepleeg word wat sy/haar in die openbaar `n sondaar verklaar, moet sodanige sonde, soos op gewys, dan wel in die openbaar bely word! En dit kom dan daarop neer dat as `n sosiale kring sou aangehoor het – iets wat

van persoon tot persoon oorvertel word – dat iemand byvoorbeeld owerspel gepleeg het, maar so een sou onskuldig wees, moet die sondaars wat die leuensprekery aan die gang gesit het, dit in die openbaar bely. Daar moet gevolglik tot uiterstes oorgegaan word, om die belydenis so wyd moontlik oor te dra sodat die onskuldige persoon se naam in ere herstel kan word! En dit bring ons dan weereens terug by die groot vuur wat woorde kan aansteek teen die naaste (Jakobus).

Tog vind sondebelydenis in die algemeen nie in kerke plaas nie! Waarom nie? Die Christene het geleer dat die "liefde ALLES bedek" en dan nog `n ander weergawe, "Die liefde beskerm" (1 Kor. 13)! En juis omdat die rasionaliseerders een teks nie behoorlik interpreteer nie – dit word dikwels aangevuur deur ontoereikende vertaling, alternatiewelik ontoereikende Skrifverklaring, laasgenoemde wat noodwendig kruisverwysings sal behels - sondig die mens omdat hy nie tot kennis van die wil van God wil kom nie! Ons sit gevolglik onsself dan veilig in `n nis van wanpersepsie/wanvoorstelling, net om maklik uit ons sondige dade te kan tree! Om hierdie rede is binnekamer belydenisse waar dit `n onskuldige mede-Christen raak, vir God `n gruwel. Dit is ook glad nie belydenis nie, eerder `n selfgesentreerde skoonmaakfoefie (katarsis). En waarop dit gevolglik aankom, is dat dit die self goed laat voel (Ek het bely!) en hierdie tipe belydenis verrig dan eintlik niks nie! Die skuldige staan nogsteeds by God gemerk as "sondig"! En so word die waarheid volgehoue vir die leuen verruil want ek erken teenoor God in my binnekamer dat ek eintlik skuldig is maar in die openbaar negeer ek my aandeel in die saak en natuurlik met die doel om myself te beskerm (Ek gebruik natuurlik Rom. 1.25, dit is Paulus se verwysing na hierdie tipe distorsie van waarheid in hierdie konteks en veral om hierdie tipe wangedrag onder Christene te kan uitbeeld).

Die waarheid is natuurlik dat die liefde nie sonde onvoorwaardelik bedek nie! Want God sal nie die mens opdrag gee om sy sonde te bely as Hy daarmee bedoel het dat sy sonde net gerieflik bedek moet word nie, naamlik om glad nie daarna te verwys nie. Dieselfde kan gesê word van die alternatiewe, ook distorsiewe persepsie van sonde, naamlik "die liefde beskerm" (baie duidelik nog `n "escape" meganisme). Ons behoort liewer te kan verklaar dat as iemand sy sonde bely het (!), mag ek nie meer dit bly opper nie! Dan moet ek, wat in die goddelike liefde staan of voorgee om daarin te staan, die oortreder wat dan deur die bloedoffer van Jesus geregverdig word, vergewe vir die sondige daad wat gepleeg was, en ek moet gevolglik hom/haar weer as `n broeder/suster onder die Christene aanvaar/inneem. Dit is dan, weereens, ná sodanige se sondebelydenis.

Maar alles wat sover gesê is oor sondebelydenis, ook leuensprekery en laster, behoort veral in gedagte gehou te word sodra ons by etikettering kom. Laat ons op die man af praat. Om iemand met `n etiket van "hoerery" of "hoer" te beklee, is `n gevaarlike saak! Dieselfde geld natuurlik ook vir enige ander gewetenlose/sondige daad wat aan `n onskuldige gekoppel sou word. Waarom? Ons moet seker wees dat die owerspelige daad of oortreding dan wel gepleeg was alvorens ons ons oorgee aan oordrag van `n valse woord.

Die apostel Paulus het baie duidelik met valse broeders te doene gekry en wie natuurlik nie geskroom het om leuens aan hom te koppel nie. Om hierdie rede verduidelik hy sy agtergrond en geskiedenis en voeg ook teenoor die Galásiërs by dat hy nie lieg nie! Maar die skade wat deur kwaadwillige optrede gedoen word is gewoonlik so erg dat dit nooit, net maar nooit, volkome reggestel kan word nie. "Van horenzeggen liegt men veel", is `n ou Nederlandse gesegde wat gerus weer op ons ore kan val. Om gevolglik op hoorsê t e gaan, is om jouself tien-teen-een aan leuensprekery te koppel, selfs blatante laster met die doel om iemand se goeie rekord in die Here permanent te skaad.

Ons behoort ons as Christene dan allereerstens te vergewis van die gevolge wat ons dade kan inhou, alvorens ons stories oor iemand, en veral `n werker van God, begin versprei. Paulus gee ons `n wyse woord, naamlik dat as iets gruweliks aan `n dienaar van God gekoppel sou word, moet twee of drie onverwyld na so een gaan om die saak behoorlik uit te klaar. As ons byvoorbeeld veral sou hoor dat `n werker van God aan hoerery skuldig bevind was – wie ookal die bron mag wees - moet ons dit allereers met die betrokkene of dan sy bloedverwante gaan uitmaak alvorens ons lustig voortborduur en die sweer net groter en groter maak!

Hierdie voorskrif moet veral gevolg word as kwaadsprekery teen iemand wat die Here met die gawe van profesie gebruik of in die verlede gebruik het, en in besonder met die gawe van sondeopenbaring, geloods word. Waarom? Omrede ware profete van God `n moeilike taak op hulle skouers het! Eségiël verklaar juis dat as `n profeet nie aan die oortreder sy sondes verklaar nie – hom konfronteer daarmee nie – en so een sou dan te sterwe kom, sou die oortreder (die sondaar) se bloed op die profeet rus!

Nou, watter keuse het die profeet anders as om dan die oortreder met sy/haar sondes te konfronteer? Om hierdie rede is ware profete van God dan ook altyd uiters ongewild want wie wil nou hulle sonde bekend gemaak hê en veral op gemeentelike vlak?

Dieselfde sou natuurlik ook geld vir `n getroue dienaar van God wie die Woord spreekwoordelik “reguit” sny (1 Tim. 5.20). Of het ons gesekularisseerde wêreld waarin daar nou geëvangeliseer moet word, die Kerk van Jesus so ontman dat ons “sonde” so verpersoonlik dat niemand, selfs nie eens diegene wat op Sionsmure staan, `n lid van die sogenaamde Liggaam van Jesus se sondige dade vanaf die kansel mag aanspreek nie? En dit bring ons natuurlik weer uit by die volgende vraag : Wie het vir wie aangestel? Moet ons nou mense meer as God gehoorsaam?

En dan ontstaan die vraag natuurlik ook: Het die oorgelewerde Boodskap nou skielik in vele “waarhede” ontaard en net om die gesekulariseerde Christen nog meer eenvormig met die wêreld te maak? Is ons nie waaragtig met hierdie tipe nuwe “evangelisasiemetodiek” besig om die Waarheid so te marginaliseer dat ons eintlik nie meer van `n spesifieke Skrifwaarheid mag praat nie?

En, het ons Skrif tot ons beskikking, dit is nou dat `n profeet iemand deur die gawe wat God hom/haar gegee het vir sy/haar sondige dade kan aanspreek? Natuurlik! Al sou die kerke hierdie tipe aanspreek van sonde veral in ons moderne era afkeur, keur God dit natuurlik goed! En `n ware profeet van God is net nooit `n behaer van mense nie (v. 1 Tim. 6; Jes. 58.1). As God `n ware gesalfde dan `n opdrag sou gee, sal so een dit moet uitvoer anders sal God teen die profeet draai en ons het wel bewys hiervan in veral die Ou Testament.

Daar bestaan  genoegsaam getuienis wat info oorgedra in hierdie artikel kan staaf en waar gesalfdes van die Here wie veral `n sondeopenbaringsboodskap aan iemand moes gee (Jes. 58.1), erg belaster was net om daardie een wat sy sondes wou bedek, se sondige dade te versag, selfs uit te kanselleer. Die kerke is vandag geestelik leeggetap omrede hulle die ware Geesgawes saam  met diegene wat God vir spesiale ampte en take geroep het,  op die kantlyn gedruk het, soos onder andere die profeet wat veronderstel was om die “oog in die gemeente” te wees.

In die vroegste Pentekostalisme het mense volgens `n ooggetuie spontaan hulle sondige dade bely en selfs daarna herhaaldelik vertel hoe groot  God  se genade was omrede  Hy hulle  van  hulle sondige dade verlos het, ook stap vir stap op die heiligmakingspad gelei het.  Maar vandag is daar toenemend `n neiging om sondige dade te bedek eerder as om dit voor God en mens te erken en te bely. Die rede? Ons het die begrip van “waaragtige verlossing en vrymaking deur Christus se kruisdood” êrens langs die pad verloor  omdat gesekulariseerde Christendom nie meer dit wat verlossing onderlê, naamlik die krag wat in `n deursigtige geestelike lewenswandel te vinde is,  kan of wil begryp nie.  Ons is nou maar eenmaal nie  meer volkome Godgerig nie, eerder selfgerig. Gevolglik is ons in die algemeen ingestel op dit wat ons uit ons godsdiensbeoefening kan kry, eerder as dit wat God van ons verlang! Die moderne Christen wil ook in die gehoor gestreel wees want ons besef inderdaad nie meer die heilsaamheid van konfrontasie deur die Gees van God nie (1 Tim. 4; 2 Tim. 4; Jes. 6; 1 Kor. 14.24-25)!  (Konfrontasie  as katarsis om die siel voor God en mens te reinig).

Die Here verlang  belydenis van veral daardie Kerke wat op die Heilige Gees-gawes aanspraak maak of wil maak alvorens Hy ooit weer `n Heilige Gees verkwikking sal stuur. En ons gaan juis `n toekoms tegemoet  wat ons alleenlik sal kan ontmoet as ons inderdaad toegerus sal wees met God se Gees en veral die Heilige Gees Gawes (1 Kor. 12)! God het onlangs hierdie openbaring in `n naggesig aan Sy kinders gegee.

Artikel geskryf deur Ester Blomerus

Die Skrywer van hierdie artikel is `n Heilige Gees-vervulde volgeling van Jesus wat graag `n bydrae wil lewer om die volk van die Here terug te lei na Skrifwaarheid en sy lê haar dan ook toe op die agtergrondgeskiedenis van die Kerk van Jesus  maar veral die noodsaaklike terugswaai na die eerste

eeuse  unieke geestelike werklikheid met veral die fokus gerig op ons geborgenheid in Jesus Christus, Seun van God.   Besoek gerus hierdie webwerf vir meer oor die Heilige Gees Beweging en dit wat God van Sy kinders in hierdie Eindtydperk verlang.

Die reeks boeke, "Die Christelike Geloof, Sy Grondslag en Ontplooiing", word GRATIS op hierdie webwerf aangebied (Christian Jewish Studies).  Dit is bedoel vir daardie tipe Christen wat erns met God en Sy Waarheid wil maak. Terwyl die skrywer besig was met navorsing en die skryf van hierdie reeks, het die Here haar in `n droom ontmoet en verklaar: "Gaan haal die Waarheid!" Nou Kierkegard verklaar met baie goeie rede:  "Om Waarheid mee te deel, is om te ly". Skrywers wat bereid is om op afvalligheid en verval van God en Sy Woord te wys, is maar altyd in die spervuur van verwerping. So dit is eintlik `n besondere tipe hedendaagse Christen wat nog belangstelling toon in die tipe leesstof. Neem asb kennis dat `n derde druk beoog word om ooglopende teksfoute wat nog voorkom, reg te stel.